Tel: 021 863 2700/1635 Epos: info@suiderpaarl.co.za
www.suiderpaarl.co.za
Leraars: Ds. Carel van Wyk 082 870 5701
Ds. Theo Hay 083 280 6184
Dr. André Kilian 082 320 1784
Ds. Lenois Stander 084 627 9543
Jeug: Vicus Kruger 082 929 7163
Kinderbediening: Benita van der Merwe 083 379 4702

Welkom!

Koninkrykstyd

Welkom by ons aanlyndiens. Dankie dat jy inskakel.

8ste Sondag van Koninkrykstyd
18 Julie 2021
Vicus Kruger

Ons aanlyn dienste kan gevolg word op ons webtuiste, Youtube-kanaal of Facebook-blad. Ons deel ook weekliks via WhatsApp skakels na ons aanlynbediening. Kontak asseblief die kerkkantoor telefonies by 021 863 2700 indien u nog nie deel is van ons WhatsApp groep nie.

Om te hoor
EN TE DOEN

Geloof sonder werke is dood (Jakobus 2:14 - 26). Honger mense raak nie versadig wanneer ons vir hulle preek nie, maar wanneer ons ons brood met hulle deel. Eensames word nie geïnspireer deur ons kennis van die Bybel nie, maar wanneer ons hul vriend word.

Terneergedrukte mense hoef nie te weet hoe om gelukkig te wees nie; hulle moet weet daar is hoop. Hierdie hoop is te vinde in Jesus Christus en hulle sal Hom net sien as jou lig helder in hul lewe skyn. Wat jy ook al elke dag met jou lewe doen, neem een besluit: **Laat jou lig skyn**.

Open my oë, my hart en my hande, Here. Help my om u lig te laat skyn op diegene wat dit nodig het. Amen.

LAAT JOU LIG
helder skyn

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan alle nuwe intrekkers.
Kontak vir Madeleine Fourie by 021 863 2700 vir enige inligting rondom die gemeente.

VOORBIDDING

Indien u bewus is van enige iemand in die gemeente, of van 'n vriend of familielid van iemand in die gemeente wie ons spesifiek moet opdra in gebed; kontak gerus die kerkkantoor.
Daar is so baie van ons gemeentelede wat positief getoets is vir Covid-19 en heelwat wat 'n familielid aan die dood moes afstaan weens die siekte. Ons dra almal aan die Here op vir genesing en vertroosting. Ons vra ook vir beskerming teen die virus.

MEDELYE

Ons dink aan die familie van Francina van Rhyn van Klapmuts wie oorlede is.

Ons dink ook aan ds. Theo, sy gesin en die res van die familie met die heengaan van ds. Theo se moeder.

ASEM-OOMBLIKKE - STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS OP JOU SELFOON

Kyk uit vir die stemboodskappe van ons leraars wat Woensdagoggende per WhatsApp gestuur word op ons gemeente groepe.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is steeds oop en ons predikante beskikbaar. Ons nooi jou uit om ons te kontak as daar nood van enige aard is.

DOOP

Vanweë vlak-4 inperking het ons nou ongelukkig geen doopgeleenthede nie.

COVID-19 HULP

Suider-Paarl Gemeente het 'n kontakpunt op die webblad geskep vir lidmate wat Covid-19 hulp benodig.

Volg hierdie skakel om vertroulik met ons kontak te maak:
https://suiderpaarl.co.za/covid-19-hulp/

KLAPMUTS VROUEGROEPE

Die vrouegroepe van Klapmuts neem elke jaar aan die Taalmuseum se inisiatief deel, waar hulle blokke brei en vaswerk vir komberse. Hierdie komberse word dan op Mandeladag aan minderbevoorregtes geskenk.

Vanweë die inperking kon hulle nie vanjaar die geleentheid by die Taalmuseum bywoon nie. Hulle het egter op hulle eie 'n hele paar komberse voltooi.

DANKOFFERS

Dankie dat jy as rentmeester erns met jou offervaardigheid maak. Jy kan jou dankoffers op die volgende maniere gee:

- Tydens kerkkantoor-ure by die kerkkantoor.

- Elektroniese betaling:
  NGK Suider-Paarl
  ABSA Tak: 632 005
  Tjekrekening:
  740 580 132
- Per debietorder (reël met die kerkkantoor)
- Via Snapscan

Suider-Paarl Gemeente
Snap here to pay
SnapScan

Baie dankie aan almal wat getrou julle bydraes gee.

"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."
- 2 Kor 9:8

BID VIR SUID-AFRIKA

"Geloof beteken niks, wel nie veel, as julle My nie in die donkerste tye vir deurbraak kan bly vertrou..."

Ons bid vir:

- Ingryping in die situasie van chaos wat veroorsaak word deur protesaksie wat tans in ons land heers;
- Vir beskermingsdienste wat moet ingryp en wet en orde handhaaf;
- Vir wyse besluite van die regering se kant om die orde te herstel.

.

INLIGTINGSWETTE

DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING (POPIA)

Die POPIA-Handleiding verskaf die riglyne om aan die agt wetlike voorwaardes te voldoen ten einde te verseker dat daar met sorg omgegaan word met persoonlike inligting. Hierdie handleiding is by die kerkkantoor ter insae.

Die Wet maak ook voorsiening dat daar te enige tyd aangevra kan word watter persoonlike inligting daar van 'n lidmaat gehou word en skryf voor hoe daar gevra kan word om dit te wysig of te vernietig.
Die volgende dokumente is van toepassing:

Die wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013.
Vorm 1: Beswaar teen verwerking van persoonlike inligting.
Vorm 2: Versoek om regstelling of skrapping van persoonlike inligting of vernietiging of skrapping van rekord van persoonlike inligting.

Bogenoemde dokumente by punte 1-3 kan op die webblad van die NG Kerk in SA (Wes-Kaap) bestudeer word: https://www.kaapkerkadmin.co.za/popia/

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING: WET 2 VAN 2000 (PAIA)

Volgens die Wet moet elke privaat liggaam (en dus ook elke gemeente, ring en sinode) by die Menseregte-kommissie registreer en 'n inventaris op datum hou van alle inligtings-dokumente in besit van die instansie. Die Kerk-Argief is namens die gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerk geregistreer as verantwoordelike instansie om almal se inventarisse op datum te hou.

Sien by hierdie skakel die PAIA handleiding. https://suiderpaarl.co.za/wp-content/uploads/2021/07/NGK_PAIA_Handleiding.pdf

Ander dokumente wat betrokke is by 'n aansoek om inligting in terme van hierdie Wet:

1. Die wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000
2. Vrystelling
3. Die Kerkorde

4. Kostebeleid vir die versoek van inligting
5. Vereiste tydperk vir die bewaring van rekords
6. Vorm C

Dokumente van die Menseregtekommissie:

1. Webblad van die Menseregtekommissie: http://www.sahrc.org.za/
2. PAIA pamflet
3. Jou Regte (volgens die Menseregtekommissie)

Bogenoemde dokumente t.o.v. PAIA punte 1-6 en die Menseregtekommissie punte 1-3, kan op die webblad van die NG Kerk in SA Argief bestudeer word: https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/

Navrae kan gerig word aan: admin@suiderpaarl.co.za of telefonies by 021 863 2700.

HARTLIK GELUK AAN ONS LIDMATE WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Bell Booysen, Liza Brink

Michelle de Gruchy, Sonika Marx

Danie Opperman, Carina Swart

Sonja van der Spuy, Jacques Arnold

Jimmy Curlewis, Riaan Dreyer

Carlé Heyns, Lisa Schwabe

Karli Swanepoel, Marnus Alting-Mees

Jacques Anderson, Lourens Botha

Johan Ferreira, Angelo Hollenbach

Stehan Malherbe, Ilse Rossouw

Fransché Stemmet, Jandré Stroebel

Carla Thorne, Deon du Plessis

Jacques du Plessis, Corrie Gerber

Toetie Groenewald, Iza Joubert

Megan du Preez, Joe Lloyd

Maricel Malherbe, Ian Schoonwinkel

Jomari van der Merwe,

Annamarí Booysens,

Ninette Ritter, Pennie Saayman

Piet Schoeman, Eric van Dyk

Kehara Human, Iris Smit

Sollie Terblanche, Tenille van Heerden

Sankie Visser

GEBED

Ewige God, lig van die verstand wat U erken, lewe van die hart wat U liefhet, krag van dié wat U wil dien, help ons om U so te ken dat ons U Waarlik sal liefhê; en so lief te hê dat ons U waarlik sal dien. U, die enigste in wie se diens ons waarlik vry is.
Augustinus